

Die Plat-muurspinnekop - oftewel "Flatty"

Familie: **Selenopidae** Genus: **Anyphops**



mannetjie



wyfie



van voor gesien

Ons ken hulle almal, en ons is nie regtig lief vir hulle nie; hulle laat jou skrik as hulle so skielik opdaag en dan weghol en jy hulle nie kan bykom nie!...en dit is **goed so**, want hulle doen ons eerder 'n guns as skade aan. Hulle vang so baie van die lastige insekte wat in ons huise bly: vlieë, muskiete, motte kakerlakke en nog vele meer.

Gewoonlik is hulle vrylewende grondbewoners, wat tussen klippe, op die grond of teen bome skuil. Ten spyte van hulle dekoratiewe patrone en soms ook kleur op die agterlyf, is hulle perfek gekamoefleer teen die agtergrond waarop hulle sit. As gevolg van hulle manier om vir 'n tydperk absoluut bewegingsloos stil op een plek te vertoef, word hulle moeilik raakgesien.....**tensy** hulle in ons huise teen die gewoonlik effekleurige helder muur sit. Daar lyk hulle verskriklik groot en grillerig. Buitendien laat hulle orals in hoeke of agter skilderye hulle "ou klere" na vervelling agter, asook die eiersakkies.



spinnekop versmelt perfek met die grond waarop dit sit



ou pak klere uitgetrek

Hulle spin nie webbe om daarin te bly of prooi te vang nie. Die enigste web wat ek kry, is 'n plat papieragtige sak, waarin die eiertjies gelê word. As die kleintjies uitkom, gaan hulle vinnig uitmekaar, en elkeen soek vir hom 'n eie plekkie om te bly.



plat papieragtige eiersak, kleintjies al uit



oorblyfsels van eiersak en eivelletjies

Natuurlik het hulle ook nog ander vyande as die mens, en dit is ander spinnekopagtiges, geitjies en akkedisse en selfs mierleeus!



Hierdie een het prooi van 'n mierleeu geword



Hoe goed is sy kanse vir oorlewing nog?

Die volgende drie fotos het my stomgeslaan, toe ek hulle van nader bekyk: Die beenhare vorm van bo gesien perfekte onderbroke konsentriese sirkels! *En:* Die dooie liggaam lyk omgedraai soos 'n simmetriese mandala

En: Op die agterlyf na die spintepels se kant toe pronk 'n perfekte hartmotief.

As **dit** jou nie kan sagter stem teenoor spinnekoppe nie...!



beenhare vorm van bo gesien perfekte onderbroke sirkels



soos 'n mandala perfekte simmetrie in 'n sirkel



dit laat 'n mens glimlag

Inligtingsbronne:

GOGGAgids Die Geleedpotiges Van Suider-Afrika (Erik Holm, Ansie Dippenaar-Schoeman)

Filmer's SPIDERS New revised Edition An Identification Guide for Southern Africa

(Martin R. Filmer revised by Norman Larsen)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Desember 2016